NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 7 NOVENBER 2021

VIER EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

De Eike is Dankbaar

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Rut 3:1-5; 4:13-17; Psalm 127
Hebreërs 9:24-28; Markus 12:38-44

SONDAG, 7 NOVEMBER
09:00 Oggenddiens in Kerk – Ds Johan Morkel Doop Deuroffer ten bate van: Alta du Toit Nasorg **Geen** Kinderkerk Erediensspan 3 – Johan Norman 09:00 Erediens in die Buitelug: Avalon – Ds Chris Barnardo **Geen** Aanddiens **Geen** Senior Kategese
MAANDAG, 8 NOVEMBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie 19:00 Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 9 NOVEMBER
09:30 Senior Burger Bybelstudie 19:00 Kooroefening
WOENSDAG, 10 NOVEMBER
09:30 Vroue Bybelstudie

DONDERDAG, 11 NOVEMBER
09:30 Dienssentrum vir Seniors: Bingo en Broodjies – Moedergemeente Kerksaal Sopbeurte: Rosa Brand, Sorina Greeff, Marita Pienaar, Sarie Terblanche, Hannelie Viljoen, Ronelda Visser
VRYDAG, 12 NOVEMBER
SATERDAG, 13 NOVEMBER
SONDAG, 14 NOVEMBER
VYF EN TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD BIDDAG VIR BESKERMINGSDIENSTE 09:00 Oggenddiens in Kerk Deuroffer ten bate van: Studente bearbeiding 09:00 Kinderkerk Erediensspan 1 – Chris van Niekerk 18:00 Gesinsverreiking: Ken jouself beter Gasspreker: Johan Laten gesels oor depressie (Sien blokkie elders vir meer besonderhede)

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die leraars se landlyne werk nie meer nie. Kontak die kerkkantoor om hul selfoonnommers te kry.
2. Ds Hannes Burger is tans met Sabbatsverlof. **Kontak die kerkkantoor indien jy 'n leraar benodig.**
3. Indien jy weet van verblyf vir 'n senior burger egpaar, kan jy met die kerkkantoor in verbinding tree. Dit is dringend.

GEMEENTENUUS

1. André Smuts (Grysbokstraat) het 'n mediese prosedure ondergaan en moet in die komende dae verdere mediese ondersoeke laat doen.
2. Hannes Matthee (Van Bruggenstraat) het Donderdag met behandeling begin.
3. Jeanne Cillié (Zevenzicht) se suster is oorlede.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

7/11 Mattie van Geems, Kitty de Klerk, Herman Hugo, Ronel le Grange
8/11 Janeke Kleinhans, Jan van der Merwe, Zita Erasmus, Alida Burger
Petro van den Heever
9/11 Joos Ras
10/11 Carine Botes, Johann van Niekerk, Jacques Odendal, Gerhard Roux,
Almarette Swart, Pieter Streicher
11/11 Alet Marais, Albie Lintvelt, Peter Abrahams, Ina Laubscher
12/11 Maggie Visagie, Anja le Roux, Hanlie du Plessis
13/11 Martel Coetzee, André Warwick, Chris van Niekerk, Ingrid Grundling



EREDIENSTE

In terme van die nuwe vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 750. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450.
Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 8:55 en sal dus die voorsang en aankondiginge insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Tans is daar nog **nie aanddienste nie**, ons sal jul ophoogte hou van enige verandering.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

GESINSVERREIKING

Verstaan jouself beter

14 November 2021 om 18:00

Sondagaand gaan Johan Laten met ons gesels oor depressie-verwante-aangeleenthede. Johan gaan ons meer vertel oor die simptome, wat om voor uit te kyk en die impak daarvan op die gesinslewe.

Bespreek jou plek by die kerkkantoor.

VANDAG SE DEUROFFER

Alta du Toit Nasorgsentrum (Bellville)

Die **Alta du Toit Nasorgsentrum (AdTN) in Bellville** maak voorsiening vir volwassenes (18 jaar en ouer) wat intellektueel gestremd is. Hulle vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van professionele opleidings- en ontwikkelingsprogramme. Die hantering van kliënte word bestuur deur 'n multidissiplinêre span, wat persoonlike versorgers, verpleegpersoneel, toesighouers in die werksareas, arbeidsterapeute, asook die maatskaplike werker insluit. Toegewyde personeel sorg dat AdTN vir die kliënte 'n veilige tuiste is om in te woon en te werk. Met die nodige liefde en ondersteuning word verseker dat ons kliënte eerstens goed versorg word, maar word daar ook omgesien na hul fisiese, emosionele en geestelike behoeftes. Ons huisves 174 kliënte in vier koshuise, en ontvang ook op weeksdae 59 dagsorg-kliënte in ons werks- en terapeutiese areas. Die jongste kliënt is 18 jaar oud en die oudste is 'n dame van 75 jaar. Ons kliënte bly by AdTN tot hul afsterwe. Dit veroorsaak ernstige finansiële verpligtinge wat nie voldoende deur die Staat verlig word nie. Ons kliënte is spieëltjies waarin ons elke dag kan sien en bewus word van hoe groot ons dankbaarheid moet wees vir die wonderlike talente en gawes wat ons uit die Vaderhand ontvang. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer en dra ongelooflik by tot die volhoubaarheid van ons sentrum.

Mnr George Gordon | 021 913 2106 | admin@altadutoit.org.za | www.altasorg.co.za

DE EIKE GAAN BASAAR HOU !!!

Ja, jy het reg gelees – De Eike gaan op Saterdag 4 Desember 2021 'n basaar hou. Dit gaan wel 'n "mini-basaar" wees, maar dit beloof steeds lekker te wees.

Die F, J, K en Othello Aftree-oord blokke reël dié mini-basaar. Daar gaan gefokus word op POEDING, KLEIN KOEKIES en BESKUIT.

Kom maak dus daardie oggend jou koekblikke vol vir die vakansie by die see.

Elmarie en haar span gaan ook vir ons WORSJORSIES maak – altyd 'n treffer by enige basaar.

Verder gaan daar ook VETKOEKE wees. Slegs gewone vetkoeke sonder vulsel. Ideaal om 'n goeie voorraad daarvan te koop en te vries vir die vakansie as jy lus is vir iets om aan te smul.

Almal word nou al uitgenooi om die oggend van 4 Desember hierdie blokke se fondsinsamelingspoging te kom ondersteun.

WYNVEILING

Ons is dankbaar en tevrede. Wynveiling 2021 was ‘n groot sukses.
Die opbrengs beloop R208 033.13

Daar is tans VAT5 wyne beskikbaar wat te koop aangebied word. Hierdie is ‘n unieke geleentheid om van hierdie uitstekende wyn in die hande te kry. Dis is ‘n eenmalige geleentheid wat nie deur jou hande kan glip nie.

750 ml VAT5 teen R400 per bottel
Magnum VAT5 ten R1000 per bottel

Kontak die kerkkantoor.

DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is tans baie laag



Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

TIENDE MAAND DANKOFFER

Baie dankie aan almal wat reeds hul dankoffer gebring het.

Die bedrag van R221 330 is reeds ontvang.

Verlede jaar het ons R278 855 ingesamel. Ons doelwit vanjaar is R300 000.

Lidmate kan steeds enige Sondag die koevert in die bordjie plaas of per EFT of Snapscan hul bydrae gee.

PROJEK: “SAVE THE SHEEP”

Die boervroue van Sutherland het hierdie projek geloots vir die drooggeteisterde Karoo. Jy kan heerlike koekies vir die feesseisoen bestel.

600g Gemengde koekies in ‘n emmetjie @ R90 elk

Plaas bestellings en betaal by die kerkkantoor. Sluitingsdatum vir bestellings is Woensdag 10 November 2021.

Die koekies sal teen ongeveer 10 Desember 2021 by die kerkkantoor beskikbaar wees.

AKSIE SAMARITAAN KERSFEES-PROJEK

Borg 'n hawelose!

Die sopkombuis is gesluit vanaf 16 Desember 2021 tot 17 Januarie 2022. Dit is 'n lang tyd om sonder kos te wees vir die haweloses wat daagliks afhanklik is van die sopkombuis om in hulle kosnood te voorsien. Ons probeer elke jaar om tydens ons afsluiting 'n basiese kospakkie aan ons kliënte te voorsien om hulle by te staan gedurende hierdie tyd. Ons begroot op 150 kospakkies maar daarvoor het ons julle hulp nodig. Die koste van 'n kospakkie beloop R650. Daar is dan twee opsies beskikbaar hoe jy 'n hawelose kan borg. Jy kan die kontant verskaf of jy kan self die kospakkie opmaak uit die onderstaande lys wat verskaf word. Groepe kan ook saam een of twee haweloses borg.

Die afsluiting word gehou op 16 Desember 2021. Alle kospakkies of gelde moet asb teen vrydag 10 Desember 2021 verskaf wees.

Indien jy bereid is om 'n hawelose te borg kontak gerus vir Jacomina Swart by 0824533862 vir verdere besonderhede.

LYS VAN ITEMS IN KOSPAKKIE:

2kg Rys 2,5kg Suiker 1 pak macaroni 1 pak soup mix 500g koffie
1kg mieliemeel 450g weetbix 1 pakkie(25) teesakkies 500ml olie 1 pakkie cremora
1 boksie cup-a-soup 2 blikkies bullibeef sout 2 blikkies sardientjies 2 blikkies gemengde groente 2 blikkies baked beans 1 pakkie koekies 1 groot pak chips 1kg koekmeel
5 pakkies 2min noodles 1 bottel aanmaak koeldrank 2 boksies soya mince 1kg waspoeier

Ons wil dit 'n spesiale geleentheid maak en is ook op soek na skenkings van 3 skape, alles in tjops, wat ons graag wil braai tydens die kersafsluiting.

Ons soek ook 30 persone wat elkeen 'n kind kan borg om 'n spesiale kerspakkie op te maak. Koste hiervan beloop R300. Kontak ons asb as jy dalk met enige van die versoeke kan help.

Artikel 18A sertifikate kan verskaf word en erkenning kan ook gegee word op ons facebook bladsy vir enige donasies ontvang.

Donasies kan inbetaal word in die volgende rekening: Aksie Samaritaan, Absa Bank, tjekrekening nommer 4089388257, verwysing - Kersfees

Mag die Here jou bereidwilligheid en diensbaarheid seën!

PREEKSKETS

TEMA - DIE LEWENDE HERE IS ELKE DAG VAN ONS LEWENS MET ONS ONDERWEG.

Prediker: Ds Johan Morkel

Skriflesing: Rut.3:1-5; 4:13 - 17

Inleiding: Die lewende Here is elke dag van ons lewens met ons onderweg.

1. Rut 3 en 4 help ons om in ons "onderweg wees met die Here" die geloof te behou.
2. Naomi, Rut en Boas het nie toegelaat dat die omstandighede hulle oorweldig nie, hulle het geloofsmoed aan die dag gelê.
   - Geloof is nie passief nie, geloof gaan oor tot dade - geloofsdade!
3. Wat sê hierdie gedeelte vir ons?

3.1. Eerstens: Lidmate trap maklik in die slaggat om te dink dat as jy die dag belydenis van geloof afgelê het, jy arriveer het.
   - So 'n geloof lei tot onaktiwiteit.
   - Geloof kry gestalte in die alledaagse, in hoe ek teenoor ander mense optree.

3.2. Tweedens: Teenspoed op ons lewenspad kan ons maklik moedeloos maak.
   - Die optrede van Naomi, Rut en Boas bemoedig ons. Bly die Here vertrou in die alledaagse, die gewone. Geloof is siende die Onsienlike!

4. Wat leer ons van God uit hierdie gedeelte?

4.1. God is voortdurend agter die skerms aan die werk. Al kom Sy naam selde in hierdie gedeelte voor, het Hy deur die alledaagse, die gewone, voorsien, gesorg en beskik.

4.2. Ons kan - ook in moeilike tye - weet: Die lewende God is daar vir ons soos Hy daar was vir Naomi, vir Rut en vir Boas.

5. Die Doop.
   - As Verbondsgesinne is ons elke dag onderweg met die lewende God.
   - Hy kom skryf vanoggend sy Drie-enige naam deur die teken van die Doop op die dopelinge se voorkoppe.